



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING

GRAAD 5

WISKUNDE

STEL 1: VOORBEELD 2012

RIGLYNE BY DIE GEBRUIK VAN JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGSVOORBEELDE (ANA)

1. Algemene oorsig

Die Jaarlikse Nasionale Assessering (ANA) is 'n summatiewe assessering van die verwagte kennis en vaardighede wat leerders aan die einde van graad 1 tot 6 en graad 9 moes ontwikkel het. As hulpmiddel vir die skoolgebaseerde assessering en om te verseker dat leerders die nodige selfvertroue ontwikkel om suksesvol deel te neem aan eksterne assessering, het opvoedkundige panele en vakspesialiste voorbeeldvraestelle ontwikkel wat onderwysers vir Taal- en Wiskunde-onderrig kan gebruik. Die voorbeeldvraestelle is ontwikkel, gebaseer op die kurrikulum wat oor die eerste drie kwartale van die skooljaar strek. Daar is ook 'n volledige Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets (ANA) vir elke graad. Die voorbeeldvraestelle, insluitend die modeltoets, is aanvullend tot die skoolgebaseerde assessering wat leerders deurgaans moet voltooi en vervang nie die skoolgebaseerde assessering nie.

2. Die struktuur van die voorbeeldvraestelrae

Die voorbeeldvraestelle is ontwerp om verskillende tegnieke of style te illustreer om dieselfde vaardighede en/of kennis te assesser. Spesifieke inhoudkennis of 'n vaardigheid kan byvoorbeeld geassesseer word deur 'n meervoudigekeuse-vraag (waar leerders die beste antwoord uit die gegewe opsies kies) of 'n stelling (wat van die leerder vereis om 'n kort antwoord of 'n paragraaf te skryf) of ander soorte vrae (wat leerders vra om gegewe woorde/stellings met lyne te verbind, om gegewe sinne of patrone te voltooi, om hulle antwoorde met tekening of sketse te toon, ens.). Onderwysers en leerders sal dus 'n aantal voorbeeldvraestelrae kry wat verskillend gestruktureer is, maar wat dieselfde spesifieke inhoud en vaardigheid teiken. Blootstelling aan 'n groot verskeidenheid vraagstellingstegnieke of -style gee leerders die nodige selfvertroue om op verskillende toetsitems te reageer.

3. Verband met ander leer- en onderrigbronnemateriaal

Sommige teksgedeeltes en vrae word doelbewus vir integrering met die graadverwante werkboeke verbind. Die voorbeeldvraestelle voldoen ook aan die vereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV), graad R tot 12, die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV) vir die onderskeie grade en die Nasionale Protokol vir Assessering. Hierdie dokumente, saam met ander dokumente wat deur 'n skool voorsien kan word, sal 'n ryk bron van bronnemateriaal vorm wat onderwysers in staat sal stel om lesse te beplan en om formele assessering uit te voer.

4. Hoe om die voorbeeldvraestelle te gebruik

Alhoewel die voorbeeldvraestelle vir die verskillende grade en vakke as 'n omvattende stel saamgestel is, hoef die leerders nie op die hele stel in een sessie te reageer nie. Die onderwyser moet toepaslike voorbeeldvrae kies wat deel vorm van die beplande les. Sorgvuldig geselekteerde individuele voorbeeldvrae of 'n hanteerbare groep vrae kan tydens die verskillende stadiums van die onderrig- en leerproses soos volg gebruik word:

- 4.1 Aan die begin van 'n les as 'n diagnostiese toets om leerders se sterk en swak punte vas te stel. Die **diagnose** moet lei tot onmiddellike **terugvoer** aan leerders en **geskikte lesse** moet ontwikkel word om aandag te gee aan die geïdentifiseerde swak punte en om die sterk punte uit te bou. Die diagnostiese toets kan as tuiswerk gegee word om nie onderrigtyd in die klaskamer te verloor nie.
- 4.2 Gedurende die les as kort, informatiewe toetse om te assesser of leerders die veronderstelde kennis en vaardighede ontwikkel soos wat die les verloop en om seker te maak dat geen leerder agter raak nie.

- 4.3 By die voltooiing van 'n les of reeks lesse as 'n summatiewe toets om te assesser of die leerders voldoende begrip het en of hulle die kennis en vaardighede in die voltooide les(se) kan toepas. Spoedige terugvoer aan leerders is noodsaaklik, sodat die onderwyser kan vasstel of daar dele van die les(se) is wat weer behandel moet word om spesifieke kennis en vaardighede vas te lê.
- 4.4 Om by alle fases leerders aan verskillende tegnieke van assessering of vraagstelling bloot te stel, bv. hoe om meervoudigekeuse-vrae (MK), oop vrae of vryeresponsvrae, kortvrae, ens. te beantwoord.

Waar diagnostiese en formatiewe toetse korter in terme van die aantal vrae kan wees, sal die summatiewe toets heelwat meer vrae insluit, afhangend van die hoeveelheid werk wat reeds teen 'n sekere tyd behandel is. Dit is belangrik om seker te maak dat leerders uiteindelik genoeg oefening kry in die beantwoording van 'n volwaardige toets, soortgelyk aan dié van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets.

5. Memorandums of nasienriglyne

'n Tipiese voorbeeld van die verwagte response (nasienriglyne) word by elke voorbeeldtoets en Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets gegee. Onderwysers moet in gedagte hou dat die nasienriglyne geensins rigied is nie. Dit gee slegs breë riglyne ten opsigte van verwagte response en onderwysers moet aanvaarbare moontlikhede ondersoek en ander aanvaarbare response van die leerders aanvaar.

6. Kurrikulumdekking

Dit is van kardinale belang dat die kurrikulum in elke klas ten volle behandel moet word. Die voorbeeldvraestelle vir elke graad en vak verteenwoordig nie die kurrikulum in sy geheel nie. Dit is slegs 'n **voorbeeld** van belangrike kennis en vaardighede en dek die werk wat op die eerste drie kwartale van die skooljaar betrekking het. Die tempo waarteen die werk in sekere skoolkwartale behandel moet word, is vervat in die betrokke Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV).

7. Gevolgtrekking

Die doelwit van die Departement is om die vlak en kwaliteit van leerderprestasie in die kritiese grondslagvaardighede van gesyferdheid en geletterdheid te verbeter. Die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets is een instrument wat die Departement gebruik om vas te stel of leerderprestasie verbeter. Daar word van distrikte en skole verwag om onderwysers te ondersteun en om die nodige hulpmiddels daar te stel om die effektiwiteit van onderrig en leer in skole te verbeter. Deur van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoetse as deel van die onderwys hulpmiddels gebruik te maak, sal onderwysers leerders help om vertrouwd te raak met verskillende style en tegnieke van assessering. Indien die voorbeeldvraestelle behoorlik aangewend word, sal dit help dat leerders die toepaslike kennis opdoen en vaardighede ontwikkel om effektief te leer en om beter te vaar in toekomstige Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetse.

1. Herken, beskryf en vergelyk heelgetalle tot ten minste 6 syfers

1.1 Vul die ontbrekende getal in. (1)
4 210 ; 4 207 ; 4 204 ; _____ ; 4 198


1.2 Skryf die volgende 2 getalle neer in die ry en sê watter reël jy gebruik het om die getalle te kry. (2)
697 ; 699 ; 701 ; 703 ; _____ ; _____

1.3 Skryf die veelvoude van 3 neer van 474 tot 483. (1)

1.4 Skryf die veelvoude van 5 neer tussen 718 en 733. (1)

1.5 Voltooi: 5720 is 100 minder as _____ (1)

1.6 Skryf die getal neer wat voorgestel word deur A en B op die getallelyn. (2)



2. 2.1 Watter getal word voorgestel deur _____ (1)
 $40\ 000 + 2\ 000 + 5 + 60 + 700$

2.2 Merk die getal in die raam wat seshonderd drie en twintig duisend nege honderd en twee voorstel.

662 922	623 902	632 209
692 023	623 209	623 920

(1)

2.3 Skryf die volgende getalle in woorde.

a. 42 749

b. 348 706

(2)

2.4 Skryf die volgende getal in syfers.

Drie-honderd-ag-en veertig-duisend sewe-honderd-ses-en-dertig.

(1)

2.5 Rangskik die volgende getalle van die kleinste tot die grootste.

36 589 , 35 698 , 38 569 , 39 958

(1)

2.6 Skryf die grootste en kleinste getal neer wat jy kan maak as jy die syfers

5, 9, 6, 1 , 7 , 2 elk net een keer kan gebruik . _____

(2)

3. 3.1 Bereken:

a. $23 + 0$

b. $23 - 0$

c. $25\ 625 - 25625$

d. $1298 - 0$

(4)

3.2 a. Wat gebeur as jy 0 by 'n getal bytel?

b. Wat gebeur as 'n getal van homself afgetrek word?

c. Wat gebeur met 'n getal as jy 0 van die getal aftrek?

(3)

3.3 Bereken:

a. $1 \times 1 \times 1$

b. $3 \times 0 \times 3$

(2)

3.4 a. Wat gebeur met 'n getal as jy dit vermenigvuldig met 1?

b. Wat is die produk van 'n getal en 0?

(2)

4. 4.1 Is $36 + 24$ gelyk aan $24 + 36$?

(1)

4.2 As $17 \times 3 = 51$ wat is 3×17 gelyk aan?

(1)

4.3 Voltooi:


$$\begin{aligned} 2(5+3) &= (2 \times \underline{\quad}) + (2 \times \underline{\quad}) \\ &= \underline{\quad} + \underline{\quad} \\ &= 16 \end{aligned}$$

(3)

4.4 Is $9 \div 3$ gelyk aan $3 \div 9$? (1)


5. 5.1 Watter van die getalle 1, 6, 9, 7, 8 is faktore van 21? (2)

5.2 Watter van die getalle in die raam is veelvoude van 3?



(2)

5.3 Omkring die getalle wat veelvoude van 8 is op die getallelyn.



(3)

6. Ewe en onewe getalle

6.1 _____ is die volgende onewe getal na 5335. (1)

6.2 Die ewe getal net voor 2846 is _____ . (1)

6.3 Wat is die grootste onewe getal wat jy kan maak met 1, 3, 5, 6, 2? (1)

6.4 Rangskik 4, 1, 6, 7 om die kleinste ewe getal te maak. (1)


7. Plekwaarde

7.1 Teken 'n telraam om die getal 79 342 voor te stel. (1)

- 7.2 Watter getal word voorgestel deur.
 $(4 \times 10) + (2 \times 10\,000) + (5 \times 1) + (3 \times 100) + (6 \times 1000)$ (1)
- 7.3 Wat is die ontbrekende getal?
 $33\,413 = 30\,000 + \underline{\hspace{2cm}} + 3 + 400 + 10$ (1)
- 7.4 Wat is die waarde van die onderstreepte syfer 97 406? (1)
- 7.5 Skryf 3 742 in uitgebreide notasie. (1)


8. **Breuke en desimale breuke**

8.1 Kyk na die houers en beantwoord dan die vrae.



- a. Watter houer se kapasiteit is tussen $\frac{1}{2}$ liter en 1,5 liter?
- b. Watter houer se kapasiteit is minder as 1 liter?
- c. Hoeveel Pop blikkiessap het jy nodig om die koelrankbottel vol te maak? (3)

8.2 Kyk na die breuke-strokies om die vrae wat volg te beantwoord.



a. Vul in $>$, $<$, $=$ om korrekte bewerings te maak.

(i) $\frac{1}{4}$ $\frac{3}{4}$ (1)

(ii) $\frac{4}{8}$ $\frac{2}{4}$ (1)

b. Skryf 2 breuke neer wat kleiner as 'n $\frac{1}{2}$ is. (2)

c. Skryf 1 breuk neer wat groter is as $\frac{3}{4}$. (1)

d. Watter breuk is gelyk aan $\frac{2}{4}$? (2)

8.3 Skryf die vierde term in die getalry.


$\frac{9}{11}; \frac{7}{11}; \frac{5}{11};$ _____ (1)

8.4 Watter breuk kom volgende?

$\frac{2}{12}; \frac{5}{12}; \frac{8}{12};$ _____ (1)

9. **Afronding tot die naaste 5, 10, 100, 1 000**

9.1 Gebruik die getallelyn om die volgende vrae te beantwoord.



a. Is A nader aan 120 of 125?

b. 126 afgerond tot die naaste 10 = _____. (2)

9.2 Beantwoord die volgende vrae en gee 'n rede vir jou antwoord.

a. 74 is afgerond tot die naaste 10 = _____

b. 3 097 is afgerond tot die naaste 1 000 = _____ (2)

9.3 Rond al die bedrae af tot die naaste rand.

a. R53,64 = _____

b. R 6 348,35 = _____ (2)

10. Optel en aftrek met telgetalle

10.1 Vul die ontbrekende getal in.

3 576 + _____ = 6 892 (2)

10.2 Bereken $1\,673 + 374$. (2)

10.3 Bereken die som van 3624 en 2304. (2)

10.4 Anna is 'n blomme-verkoper. Vandag het sy 1 403 blomme verkoop en gister het sy 2 364 blomme verkoop. Hoeveel meer blomme het sy gister as vandag verkoop? (3)

10.5 Sandile verkoop krale by 'n handwerk-stalletjie. Die tabel wys hoeveel krale sy gedurende 'n 5-dae fees verkoop het.

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
1 213	643	812	417	2068

a. Hoeveel krale het sy altesaam Maandag, Dinsdag en Woensdag verkoop? (3)

b. Hoeveel meer krale het sy Vrydag as Woensdag verkoop? (3)

11. **Gewone breuke**

11.1 Bereken die antwoorde vir vrae a. tot f.

a. $\frac{5}{6} + \frac{1}{6}$ (1)

b. $\frac{8}{11} - \frac{3}{11}$ (1)

c. $3\frac{2}{5} + 5\frac{3}{5}$ (2)

d. $9\frac{3}{12} - 1\frac{4}{12}$ (2)

e. $\frac{1}{6}$ van 24 (2)

f. $\frac{2}{5}$ van R30 (3)

11.2 Mamma het 'n koek gebak en dit in 8 gelyke dele opgesny. Pa eet 3 stukke en jy het een stuk geëet. Watter breuk van die koek is oor? (3)

11.3 By die Moses Mabhida Stadion in Durban is $\frac{1}{3}$ van die 630 parkeerplekke gereserveer vir beamptes. Hoeveel parkeerplekke is daar vir die toeskouers? (4)

12. **Vermenigvuldiging**

12.1 Bereken die antwoorde vir a. tot d.

a. 5×20 (1)

b. 6×400 (1)

c. $\underline{\quad} \times 3\,000 = 15\,000$ (1)

d. 5487×62 (3)

12.2 Voltooi:

$$562 \times 5$$

$$= (500 + \underline{\quad} + 2) \times 5$$

$$= (500 \times \underline{\quad}) + (60 \times \underline{\quad}) + (\underline{\quad} \times 2)$$

$$= \underline{\hspace{2cm}}$$

$$= \underline{\hspace{2cm}} \quad (4)$$

12.3 Gebruik die distributiewe metode om 373×26 te bereken. (4)

12.4 Skryf al die faktore van 54 neer. (2)

12.5 Maak gebruik van die faktoriseringsmetode om 237×42 te bereken. (3)

13. Deling

13.1 Gebruik faktore om $728 \div 28$ te bereken. (3)

13.2 Bereken $289 \div 17$. (2)

13.3 Bereken die kwosiënt.

$$21 \overline{)735} \quad (3)$$

13.4 Gebruik 2 verskillende metodes om 805 te deel deur 35. (3)

14. Eienskappe van getalle

- 14.1 Sê of elk van die volgende bewerings WAAR of VALS is. (5)
- a. $7 \times 3 + 6 = 3 + 7 \times 6$
 - b. $3(5 + 6) = (3 \times 5) + (3 \times 6)$
 - c. $51 + 22 = 22 + 51$
 - d. $24 \div 5 = 5 \div 24$
 - e. $61 \times 0 = 610 \times 0$

- 14.2 Voltooi:
- a. $9 + 2 = 2 + \underline{\quad}$
 - b. $7 + 1 = \underline{\quad} + 7$
 - c. $\underline{\quad} \times 4 = 4 \times 6$
 - d. $8 \times \underline{\quad} = 5 \times \underline{\quad}$ (4)

- 14.3 Voltooi:
- a. $2 \times (3 \times 4) = (2 \times 3) \times \underline{\quad}$
 - b. $1 + (3 + 5) = (1 + 3) + \underline{\quad}$
 - c. $6 \times (2 + 4) = (6 \times 2) + (\underline{\quad})$ (3)

15. Verhouding en koers

- 15.1 Wat is die verhouding van die aantal dogters tot die aantal seuns in jou klas? (1)
- 15.2 As ek wil koeldrank maak gebruik ek 2 liter konsentraat en voeg 4 liters water by. Dit beteken ek het die konsentraat en water gemeng in die verhouding $\underline{\hspace{2cm}}$. (1)
- 15.3 1 liter sap kos R12,50.
Hoeveel gaan ek betaal vir 8 liter van dieselfde sap? (3)
- 15.4 As 5 kg suiker R40 kos. Wat is die prys per kg? (2)
- 15.5 Verdeel 200 voorwerpe in 5 gelyke groepe. (1)
- 15.6 Verdeel 300 appels gelykop tussen 20 mense. (2)

15.7 Die lys hieronder toon die inkomste en uitgawes per maand van Mnr. en Mev. Moeng aan.

Mnr. Moeng se salaris	R10 200	Klere	R1 847
Mev. Moeng se salaris	R7 500	Vervoer	R1 280
Huurinkomste	R2 150	Kos	R2 624

- Wat is hulle totale inkomste vir 1 maand? (2)
- Wat is hulle totale uitgawe? (2)
- Hoeveel geld het hulle aan die einde van die maand oor? (2)

16. Numeriese- en Meetkundige- patrone

16.1 Voltooi elk van die volgende patrone:

- 25; 50; 75 ____; ____ .
- 1994; 1998; 2002; ____; ____ .
- 99; 94; 89; ____; ____

16.2 Gee die reël vir elk van die patrone.

- 21; 26; 31;
- 56 ; 49 ; 42;

16.3 Beskryf die verhouding tussen die getalle in die boonste ry en in die onderste ry in elke tabel.

<i>x</i>	1	2	3	4
<i>y</i>	3	5	7	9

<i>x</i>	1	2	3	4
<i>y</i>	5	6	7	8

(2)

16.4 Voltooi die patroon:





(1)

16.5 Maak twee van jou eie patrone.

(2)

17. Vloedigramme en getalsinne

17.1



(8)

17.2 Skryf 'n getalsin vir elk van die volgende woordsomme:

a. Daar is 5 seuns en 23 meisies in 'n klas. Hoeveel leerders is daar altesaam in die klas?

b. 'n Ma koop 3 dosyn lekkers vir haar twee kinders. Sy besluit om 4 lekkers vir die pa te gee en toe verdeel sy die res van die lekkers gelykop tussen die 2 kinders. Hoeveel lekkers kry elke kind?


c. Daar is 20 handsakke met 5 lipstiffies in elke sak. Hoeveel lipstiffies is daar altesaam?

d. Die som van vier getalle is 20500. Drie van die getalle is 2341, 578 en 10690. Wat is die vierde getal? (4)

17.3 Skryf 'n getalsin en bereken dan die antwoord.

Mev. Mashile koop wêreldbekerkaartjies vir 29 wedstryde vir haarself en haar man teen R160 elk. Hoeveelkos die kaartjies altesaam? (4)



17.4 Skryf die reël neer wat in die onderstaande vloeiagram gebruik is.



(1)

18. 2-D vorms, 3-D voorwerpe, simmetrie en transformasies


18.1 Voltooi die tabel.


Vorm	Naam van vorm	Aantal sye	Aantal hoeke
			
			

(6)

18.2 Skryf neer hoeveel regte hoeke daar in elke figuur is

Skryf neer hoeveel regte hoeke daar in elke figuur is.






b.

(2)

18.3



Hoeveel reghoeke is daar op die diagram van die sokkerveld?

(1)



18.4



Benoem die 2-D vorms op die sokkerbal.

(2)


18.5

3-D voorwerp	Naam van 3-D voorwerp	Die name van die vorms op die vlakke
		
		

(4)


19.

19.1 Teken al die simmetrielyne in die vorm.




(2)

19.2 Die sylengtes van die bostaande figuur is ewe lank. Hoeveel simmetrielyne het die vorm?



(1)

19.3 Trek 'n lyn simmetrielyn in die driehoek waarin 2 sye ewelank is.



(1)


20.

20.1 Pas die woorde in kolom B by die woorde in kolom A.

KOLOM A	KOLOM B
20.1 Roteer	a. gly
20.2 Transleer	b. swaai
20.3 Reflekteer	c. draai


(3)

20.2 Teken die volgende figuur in die diagrampatroon.



(1)

20.3 Teken die refleksie van die driehoek in die donker vertikale lyn.



(1)

21. AANSIGTE EN ROOSTERPOSISIES

21.1 Maak 'n kolletjie om die posisie van die punte A4, A1, C1, G3 en D2 op die rooster aan te dui.

	A	B	C	D	E	F	G
1							
2							
3							
4							

(5)

21.2 Figure en vorms word op die rooster aangedui. Beantwoord die vrae wat volg.

	A	B	C	D	E
1					
2					
3					
4					
5					

a. Benoem die voorwerp op


C5: _____

E2: _____

- b. Gee die posisie van die driehoek: _____
 reghoek: _____

(4)


21.3



- a. Teken die aansig van die voorwerp vanaf die regterkant.
 b. Teken die aansig van die voorwerp vanaf die agterkant.
 c. Teken die aansig van die voorwerp van bo af.


(3)

21.4 Teken die aansig van die voorwerp van bo af.



(1)

21.5 Teken die sy-aansig van die volgende vorm.



(3)

22. **Meting**

22.1 Voltooi die tabel:

AANTAL			
Jare	Eeue	Dekades	Maande
Bv.100	1	10	1 200
50			
25			
75			

(9)

22.2 Skryf elk van die volgende in analoog tyd.

- a. 06:00
- b. 21:30
- c. 23:15

(3)

22.3 Skryf elk van die volgende in 24-uur tyd.

- a. Kwart oor 5 in die aand.
- b. Kwart voor 8 in die aand.
- c. Half drie in die oggend

(3)

22.4 Skryf die digitale tyd , hierbo getoon, as analoog tyd.

19:10

(1)

22.5

Tel op:

4 weke 2d

9 weke 3d

Trek af

13h 44min

9h 35 min

(2)

23. 23.1 Kies en skryf die korrekte maateenheid in elke geval, neer.

Item	(m, cm, kg, ml ; km, mm, l)
Afstand van Kaapstad tot Oos-London	
Vingernael	
Sak sement	
Koppie tee	

(4)

23.2 Edward verkoop 4 002 liters paraffien in Januarie, 98 000 milliliters paraffien in Februarie en 1, 703 kiloliters paraffien in Maart. Hoeveel liters paraffien het hy altesaam verkoop?

(4)

23.3 Kleur die blokkies in die tabel wat die totale massa van die pampoene gee, in.



2 kg

0,5 kg	250 g	200 g
0,25 kg	600 g	400 g

23.4 Die lengte van my serp is 2 meters. Hoe lank is dit in sentimeters?


(2)

23.5 Watter een van die volgende temperature beskou jy as baie koud?

2°C 12°C 22°C

(1)


24. 24.1 Reghoek ABCD is op die rooster waar 1 blokkie = 1cm x 1cm, geplaas.



- a. Skryf neer die lengte van AB en BC. (1)
- b. Bereken die oppervlakte van die reghoek ABCD (4)

24.2 Bereken die volume van 'n kubus as die lengte van elke syvlak 6 cm is. (3)

24.3 Bereken die volume van die onderstaande prisma:



(3)

25. Datahantering

25.1 Shereen het elke leerder in haar klas gevra wat hulle gunsteling roomys geur is. Sy het hulle antwoorde opgeteken in 'n tabel. Teken 'n staafgrafiek om die data te illustreer.

Roomys geure	Aantal leerders
Vanielje	12
Sjokolade	9
Aarbei	6
Lemmetjie	3

(3)

25.2 Daar is 50 leerders in 'n klas. Hulle werk daaraan om hulle skoolomgewing te verbeter.

- 17 doen afvalbeheer
- 10 maak 'n groentetuin
- 12 plant bome
- 11 is verantwoordelik vir waterbewaring

Voltooi die frekwensie table.

Omgewingskwessie	Telmerkies	Frekwensie
Afvalbeheer		17
Groentetuin		10
Boomplant		12
Waterbewaring		11

(4)

- 25.3 Die volgende is 'n frekwensietabel wat toon watter sokkerspanne die Graad 6 A leerders gedurende die wêreldbeker in 2010 ondersteun het. Die totale aantal Graad 6 leerders in die skool is 150.
Voltooi die frekwensietabel.

Spanne	Telmerkies	Frekwensie
Suid-Afrika	III III II	12
Ghana	.	9
Brazilië	III III I	
Spanje	.	4
Argentinië	III	

- Skryf die modus van die datastel neer.
- Wat is die verhouding van die aantal graad 6A leerders tot die verhouding tot die totale graad 6 populasie? (6)

26. Waarskynlikheid

- 26.1 Vul in a, b, c of d in die korrekte kolom om by die waarskynlikheid van elk van die gebeurtenisse te pas.
- Die son gaan môre skyn.
 - Ek kan tot by die maan spring.
 - Die kinders in graad 5 sal nooit langer word nie.
 - Oefeninge maak jou fiks.

Onmoontlik	Seker

(4)

- 26.2 Jy het 'n sakkie met 'n 50c, 'n 20c, 'n R1 en 'n R2 muntstuk in.
Omkring die regte antwoord. Jou kans om 'n R1 stuk te trek is...
- a. Moontlik
 - b. Seker
 - c. Onmoontlik
- (1)
- 26.3 Wat is die kans om 'n 2 op 'n dobbelsteen te gooi? (1)